

Woensdag 29 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 136

Fokusgedeelte: Psalm 136:1

Loof die Here!

Loof, dank, erken die Here is goed. Aan sy liefde en goedheid is daar geen einde nie. Maar waar is sy goedheid en troue liefde wanneer ons bekommerd, hartseer, eensaam, of siek is?

Met beurtsang word ons gedagtes weg van ons geneem en op die Here gerig. Hy is immers magtiger en groter as al die gode en heersers van die wêreld. Kyk net wat het Hy reeds gedoen:

Eerstens (vs 4-9): Hy het die aarde en alles daarop en daarin en daarrondom geskep. Hy het lig geskep wat die donkerte verdryf.

Tweedens (vs 10-16): Ten spyte daarvan dat die mens Hom teleurgestel het en aan Hom ongehoorsaam is, het Hy hulle nie summier vernietig nie. Inteendeel, Hy het Hom aan hulle verbind en verlossing beloof. Daarom het Hy hulle uit die Egiptiese slawehuis bevry. Daarna het Hy hulle vir 40 jaar lank in die woestyn versorg toe hulle oppad was na Kanaän.

Die verlossing uit Egipte was 'n skaduwee van die verlossing wat God se Lam gebring het toe Hy ons van die slawerny van sonde en die duiwel verlos het. Ons is nog nie in die hemelse Kanaän nie, maar as't ware nog onderweg in die woestyn. God versorg ons tydens die reis deur hierdie onherbergsame wêreld.

Derdens (vs 17-25): Israel het nie vir ewig in die woestyn rondgeswerf nie. Ná 40 jaar het God hulle Kanaän ingelei. Hy het die vyandige konings wat daar gebly het, in hulle hand oorgegee.

God se trou in die verlede bemoedig ons in die hede. Die huidige woestynreis met sy ontberinge sal verbygaan. God versorg ons op ons reis na die hemelse Kanaän.

As ons raaksien wat God reeds gedoen het en waarmee Hy tans besig is, kan ons sing: *Aan sy liefde, sy goedheid en trou, is daar geen einde nie.*

Sing: Psalm 136-1: 1, 2, 3, 19

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)